Geagte lede

Dis amper tyd vir ons Nasionale Kampioenskappe 25-30 April!!

Hoop om u alma daar te sien!

Hier volg ‘n paar nuusbrokkies en inligting vir u aandag:

*Op die Hoofpawiljoen is daar ‘n blok VIP sitplekke wat afgekamp is as bespreekte sitplekke is @ R100 vir die week van die skou

Indien enige van u belangstel om van daardie sitplekke te bespreek, kan u die kantoor kontak per epos om u bespreking te bevestig

- **VIP area** in hoofpaviljoen (alle nommers is aan die suidekant en maklik bereikbaar vanaf die hekkie op die trappe aan die buitekant);
    - 1 tot 7 (vlak 1, onder)
    - 15 tot 22 (vlak 2)
    - 30 tot 37 (vlak 3)
    - 45 tot 52 (vlak 4)
    - 60 tot 67 (vlak 5)
    - 75 tot 82 (vlak 6)
    - 90 tot 97 (vlak 7)
    - 105 tot 112 (vlak 8, heelbo net onder ou kommentaararea)

---

*By die ingang van die arena (Shoot) aan die regterkant, gaan daar hierdie jaar 3 pawiljoentjie opgesit word vir 64 VIP sitplekke.

Sitplekke word gemerk en kaartjies word per sitpleknommer verkoop @ R500 vir die week. Niemand kan dus op u sitplek gaan sit nie.

Daar sal ook ‘n lys met name opgesit word wat aandui watter sitplek aan wie behoort.

Daardie 3 pawiljoentjies gaan onder ‘n “Stretchtent” staan, vir koelte en in geval van reën.

Agter die pawiljoentjies gaan daar ‘n spasie wees, steeds onder die tent, wat gebruik kan word om tafels op te slaan en so meer.

Daar sal ook braaidromme voorsien word en kan daar lekker agter die tent gebraai word.

Kaartjies verkoop vinnig, so bespreek u sitplekke vandag!

- **Wit** paviljoen onder ‘’stretch’’ tent nrs 1 tot 24.
  (1 tot 6 is op vlak 1 met voete op grondvlak, 7 tot 12 op tweede vlak, 13 tot 18 op derde vlak, 19 tot 24 is heel bo.)

- **Geel** paviljoen onder ‘’stretch’’ tent
  nrs 1 tot 20. (1 tot 5 is op vlak 1 met voete op grondvlak, 6 tot 10 is op tweede vlak, 11 tot 15 op derde vlak, 16 tot 20 is heelbo.)

- **Groen** paviljoen onder ‘’stretch’’ tent nrs 1 tot 20.
  (1 tot 5 is op vlak 1 met voete op grondvlak, 6 tot 10 is op tweede vlak, 11 tot 15 op derde vlak, 16 tot 20 is heelbo.)

Daar is ongelukkig nie parkering agter die pawiljoene beskikbaar nie.

---

*Alle Losies en Gazebo's moet volgens die veiligheidswet en Bloemskou-regulasies 'n brandblusser hê. Dit sal gekontroleer word deur die loop van die skou.

Losies-houers kan brandblussers by die skoukantoor afhaal met 'n terugbetaalbare deposito van R300. U kan egter ook u eie brandblusser bring.

Vriendelike groete

Daleen du Preez
Secretary
Secretariat

Saddle Horse Breeder's Society

Tel: 051 4100948 / 4100956
Fax: 086 562 6726
E-mail: saddle@studbook.co.za

Address:
P.O Box 3853
Bloemfontein
9300

Please read the disclaimer